
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## JUNIE 2026

# GESKIEDENIS V1 ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 1: HOE HET DIE BERLYNSE BLOKKADE DIE KOUE OORLOG – SPANNING IN EUROPA TUSSEN 1948 EN 1949 VERHOOG?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die oorsake van die Berlynse Blokkade van 1948–1949.

Die hoofrede vir die Berlynse Blokkade was die Koue Oorlog, wat pas begin het. Stalin het Oos-Europa oorgeneem met salami-taktieke en Tsjeggo-Slowakye het pas Kommunisties geword (Maart 1948). Aan die ander kant het die VSA pas die Truman-Leerstelling aangeneem om die USSR 'in te perk'.

Die tweede rede vir die Berlynse Blokkade was dat die VSA en die USSR verskillende doelwitte gehad het vir wat hulle aan Duitsland wou doen … Stalin wou Duitsland vernietig, en die USSR het Oos-Duitsland van sy rykdom en masjinerie gestroop. Aan die ander kant, wou Brittanje en die VSA Duitsland se nywerheid herbou om 'n welgestelde handelsvennoot te word (en om nie die fout van Versailles te herhaal nie).

Toe was daar drie gebeurtenisse wat eintlik daartoe gelei het dat Stalin die grense afgesper het.

Eerstens, in Januarie 1947 het Brittanje en die VSA hul twee sones saamgevoeg. Hulle het die nuwe sone 'Bizonia' (twee sones) genoem. Die Russe het besef dat Brittanje en die VSA 'n nuwe, sterk Duitsland begin skep het, en hulle was kwaad.

Toe, op 31 Maart 1948, het die Kongres vir Marshall-hulp gestem. Stalin (tereg) het dit gesien as 'n poging om Russiese invloed in Oos – Europa te ondermyn. Onmiddellik het die Russe alle pad-en-spoorverkeer na Berlyn begin stop en deursoek.

Uiteindelik, op 1 Junie, het Amerika en Brittanje aangekondig dat hulle die nuwe land, Wes-Duitsland, wou skep; en op 23 Junie het hulle 'n geldeenheid in 'Bizonia' en Wes-Berlyn ingestel. Mense in Oos-Europa het begin om al hul geld in die nuwe westerse geldeenheid te ruil, wat hulle gedink het meer werd was. Die volgende dag het die Russe alle pad-en-spoorverkeer na Berlyn gestaak.

[Uit https://www.johndclare.net/coldwar9.htm. Toegang op 5 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 1B**

Die onderstaande verklaaring is deur die Sowjet-owerhede gemaak en is in Junie 1948 in die Sowjet-pers aangekondig. Dit beklemtoon die maatreëls wat deur die Sowjette getref is om hul besettingsone te beveilig en hoe die Berlynse blokkade deur die USSR geïmplemteer is.

Om die belange van die bevolking en die ekonomie van die Sowjet-sone te beskerm en die disorganisasie van geldsirkulasie te voorkom, is die Sowjet-Militêre Administrasie verplig om die volgende maatreëls uit te voer in die lig van die afsonderlike geldeenheidshervorming in die Westerse besettingsones in Duitsland:

1. Om passasierstreinverkeer tussen die Sowjet-besettingsone in Duitsland en die Westerse sone op te skort.

2. Om toegang tot die Sowjet-besettingsone te verbied vir alle motor – en perdevervoer vanuit alle sones, insluitend verkeer langs die Helmstedt Berlyn-motorpad sal voortgaan in ooreenstemming met vorige reëls.

3. Alle vervoermiddels wat langs die waterweë van die Sowjet-sone na die Westerse sones en andersom beweeg, moet ŉ lisensie van die hoof van die vervoerdepartment van die Sowjet Militêre Administrasie verkry en sal slegs deurgang toegelaat word na deeglike voorlopige inspeksie van vragte en skepe en persoonlike bagasie van skeepsbemanning.

4. Die deurgang deur beheerpunte van afbakeningslyne van persone wat te voet vanaf die Westerse sones na die Sowjet-besettingssone in Duitsland beweeg met internasionale passe wat in die Westerse sones uitgereik is, word gestaak. Persone wat vanaf die Sowjet-sone na die Westerse besettingsones in Duitsland beweeg, gaan deur die beheerpunte in ooreenstemming met vorige reels.

5. Vragtreinverkeer sal ongehinderd voortgaan, maar op voorwaarde van deeglike inspeksie van alle vragte sowel as van persoonlike besittings van treinpersoneel en treinwagte.

6. Al hierdie instruksies tree in werking vanaf middernag op 18 Junie.

[Uit https://www.Measures to safeguard the Soviet Zone (June 1948) - CVCE Website/. Toegang op 5 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## BRON 1C

Hierdie bron fokus op die lugbrug wat deur die VSA en Brittanje gebruik is as ŉ reaksie op die blokkade wat deur die Sowjette geplaas is.

Die lugbrug was aanvanklik ŉ uitdagende taak. Meer as 2 miljoen Berlyners het op die hulp, wat broodnodige voedsel, brandstof en medisyne ingesluit het, staatgemaak. Met verloop van tyd het dit egter meer doeltreffend geword, en die aantal lugafwerpe het toegeneem. Op ŉ stadium het Lugmag-en Vlootvliegtuie elke 45 sekondes op Tempelhof-lughawe geland.

Op Paassondag, 17 April 1949, het die konstante optog van vliegtuie daarin geslaag om 13 000 ton vrag af te lewer, insluitende die ekwivalent van 600 treinwaens steenkool – alles op een dag! Dinge het nie goed vir die Sowjette gegaan nie. Die lugbrug het al 10 maande lank aangehou, en die Geallieerdes het bewys dat hulle dit onbepaald kon volhou. Die Russe het ŉ reputasie as boelies gekry as gevolg van hul blokkade. Boonop het ŉ Geallieerde teenblokkade ernstige tekorte in die Russiese sektore veroorsaak, wat gelei het tot vrese vir ŉ opstand.

Gedurende die hele lugbrug het die VSA en die VK meer as 2.3 miljoen ton voedsel, brandstof en voorrade aan Wes-Berlyn via meer as 278 000 lugafwerpe afgelewer. Amerikaanse bemanningslede het meer as 189 000 vlugte uitgevoer, wat byna 600 000 vliegure en meer as 92 miljoen myl beloop het. Die lugbrug het Amerika se innoverende gees, doeltreffenheid, deursettingsvermoë en leierskap gedemonstreer. Dit het ook die waarde van samewerking en die behoefte om bondgenote te hê om take te verrig wat een land eenvoudig nie alleen kan doen nie, beklemtoon.

Terwyl daardie krisis vreedsaam geëindig het, het die ideologiese verdeling van Europa pas begin. Teen die einde van die blokkade is die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie gestig, deels in reaksie op Sowjet-aggressie. ŉ Paar weke later het Oos-en Wes-Berlyn amptelik geskei, met elkeen wat ŉ simbool van hul onderskeie politieke sienings geword het – demokrasie en Vryheid in die Weste teenoor kommunisme in die Ooste.

[Uit https://www.war.gov/News/Feature-Stories/Story/Article/3072635/the-berlin-airlift-what-it-was-its-importance-in-the-cold-war/. Toegang op 5 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## BRON 1D

Die prent hieronder is in 1948 by Tempelhof-lughawe in Wes-Berlyn tydens die Berlynse Blokkade geneem. Dit wys vliegtuie wat voorrade aflaai wat vir Wes-Berlyn bestem was.




[Uit https://www.nationalmuseum.af.mil/Upcoming/Photos/igphoto/2000573144/.Toegang op 5 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2: HOE HET VERSKEIE GESKIEDKUNDIGES DIE SLAG VAN CUITO CUANAVALE BESKOU?**

**BRON 2A**

Hierdie bron deur Gary Baines verduidelik die verskillende maniere waarop die Slag van Cuito Cuanavale onthou word.

Die Slag van Cuito Cuanavale het van September 1987 tot Julie 1988 in drie fases geduur. Die SAW het ŉ taktiese oorwinning by die Lomba-rivier behaal, waar FAPLA (die militêre vleuel van die MPLA se opmars in sy spore gestuit. Maar die afweer (weerstand) van sy daaropvolgende (latere) frontale aanvalle op goed versterkte posisies by Tumpo was ŉ beslissende terugslag in die SAW se poging om Cuito Cuanavale en sy vliegveld te verower. Die dooiepunt is deur ŉ Kubaanse mag wat die SAW uitoorlê het (uitgemaneuvreer het) verbreek en op Namibië se suidelike grens gevorder het. Die verlies van die Suid Afrikaans Lugmag se meerderwaardigheid (dominasie) het beteken dat die grondmagte moes terugtrek of die vooruitsig moes trotseer om swaar verliese te ly tydens ŉ wanordelike stromloop suid …

SADF-apologete (ondersteuners) haal altyd statistieke aan om te "bewys" dat sy vyande by Cuito Cuanavale veel groter verliese in personeel en materiaal gely het as wat hulle gedoen het. Dit was ongetwyfeld die geval. Maar die uitslag van ŉ geveg kan nie deur sulke statistieke gemeet word nie.

Die SADF … kon dalk baie gevegte gewen het, maar nie die oorlog nie, omdat Pretoria (Suid-Afrika se administratiewe hoofstad) gedwing was om ŉ SWAPO-regering in Namibië te aanvaar, waarvoor hulle so lank geveg het om af te weer (te voorkom). Alhoewel die SADF daarop aangedring het dat hulle nooit verslaan is nie, is die politieke stelsel van wit mag en voorreg wat hulle so lank verdedig het, ontmantel (ongedaan gemaak)

[Uit https://www.historytoday.com/archive/replaying-cuito-cuanavale#comment%20-0.Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 2B**

Hierdie uittreksel deur Andreas Velthuizen is uit ŉ artikel wat in die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Militêre Studies gepubliseer is geneem. Dit lewer kommentaar op die langtermyn betekenis van die Slag van Cuito Cuanavale in die Suidelike Afrikaanse streek.

Die uitslag van die Slag van Cuito Cuanavale het SWAPO (Suidwes Afrikaanse Volksorganisasie), en ander wat vir onafhanklikheid gesukkel het, hernieude vertroue gegee. Die militêre balans in Suidelike Afrika is verander ten gunste van bevryding en die selfbeskikking van swartes. Die ernstige ekonomiese beperkings op Suid-Afrika, tesame met sy militêre terugslag in Angola en die besef dat dit nie die oorlog kon wen nie, het die balans verskuif ten gunste van Namibiese onafhanklikheid. Die Kubaanse teenwoordigheid aan die Namibiese grens in 1988 het beteken dat Suid-Afrika vir die eerste keer ŉ militêre nadeel gehad het, met die gevreesde dreigement van ŉ konvensionele oorlog in Namibië wat ŉ moontlikheid geword het. Dit sou ŉ beslissende invloed op die onafhanlikheid vir Namibië hê. Terwyl die onderhandelinge ooreengekom het oor die onttrekking van Kubaanse troepe uit Angola en die verskuiwing van ANC militêre kampe na Uganda, was dit geen terugslag in vergelyking met die enormiteit (skaal) van die strategiese winste vir bevrydingsbewegings.

Volgens Ronnie Kasrils, ongeag watter kant van die slagveld die protagoniste (hoofkarakters) gedien het, het die einde van skadelike era van kolonialisme en apartheid in ons streek, so onderling gekoppel (verbonde) met die deurbraak by Cuito Cuanavale, almal bevry en die weg gebaan vir progressiewe vooruitgang tot voordeel van amal. Baie van daardie generaals en politici, wat tot vandag toe steeds hardnekkig (volhardend) beweer dat die SAW by Cuito Cuanavale geseëvier het, geniet in werklikheid gunstige sakegeleenthede met hul voormalige Angolese teenstanders (vyande).

[Uit *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol. 37, No. 2, 2009.*]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 2C**

Hierdie uittreksel is geneem uit ŉ artikel getitled 'Die Slag van Cuito Cuanavale – Kuba se Mitiese Oorwinning' geskryf deur Richard Allport. Dit voer aan dat daie Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) en sy bondgenote minder verliese tydens die Slag van Cuito Cuanavale gely het en daarom as die wenners beskou was.

**DIE MITE (NIE WAAR NIE)**
In 1988 het die Angolese Minister van Verdediging en ander amptelike Angolese en Kubaanse bronne beweer dat ŉ Suid-Afrikaanse offensief, bestaande uit tot 9 000 troepe met 500 tenks, 600 artillerie veldkannone en tientalle vliegtuie die dorp Cuito Cuanavale in Angola aangeval het. Volgens hul weergawe het die aanval misluk danksy ŉ dapper verdedigingspoging deur Kubaanse en Angolese troepe, en die Suid-Afrikaners het 50 vliegtuie, 47 tenks en honderde manskappe verloor.

**DIE REALITEIT (DIE WAARHEID)**
Die Kubaanse propaganda weergawe van hierdie 'heldhaftige stryd' is wyd in die Weste geglo, en dit was eers na die einde van 1987, toe die Kubane en Angolese veronderstel was om hul groot oorwinning te behaal, was hulle reeds besig om vir vrede in Angola te onderhandel, met hul Sowjet – ondersteuners wat openlike verklaar het dat die oorlog nie gewen kon word nie … Die Suid-Afrikaners was die ware oorwinnaars in die Cuito-veltog …

Die resultate van die veldtog tot 1988 was 5 785 dood aan die Kubaanse/FAPLA kant, met 94 tenks en honderde gevegsvoertuie wat vernietig is, teenoor 31 Suid-Afrikaners wat in aksie gesneuwel het, 3 tenks wat vernietig is (SADF tenks het die oorlog betree na die Lomab rivier veldtog) en 11 SADF pantservoertuie en troepedraers wat verlore gegaan het. ŉ Totaal van 9 Migs (vliegtuie) is vernietig en slegs 1 Mirage (vliegtuig) van die Suid-Afrikaanse Lugmag (SAAF) is afgeskiet.

Na 13 jaar in Angola het die Kubane steeds nie hul doelwit bereik om UNITA te vernietig en as 'bevryders' Namibië binne te marsjeer nie. Hulle het die Suid-Afrikaners erg onderskat en tot hul koste ontdek dat hulle hoogs opgeleide, strydgeharde troepe in die gesig gestaar het.

[Uit http://www.rhodesia.nl/cuito.htm.Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## BRON 2D

Hierdie foto deur die Suid-Afrikaanse joernalis John Liebenberg wys ŉ konvooi van die Suid-Afrikaanse Weermag wat op 30 Augustus 1988 uit Angola na Namibië onttrek. Die konvooi gaan onder die banier wat lui 'WELCOME WINNERS/WELKOM WENNERS'.




[Uit https://www.historytoday.com/archive/replaying-cuito-cuanavale#comment-0.Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE MONTGOMERY – BUSBOIKOT OP DIE BURGERREGTESTRYD IN DIE VSA IN DIE 1950's?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op die arrestasie van Rosa Parks in 1955, nadat sy geweier het om haar sitplek aan 'n wit man in die Clevelandlaan bus te gee.

Laat in die middag van Donderdag 1 Desember 1955 verlaat Rosa Parks haar werk by die Montgomery Fair afdelingswinkel en klim op 'n Clevelandlaan bus huis toe. Sy is moeg na 'n lang dag, maar sy weet sy moet begin voorberei vir 'n NAACP-jeugvergadering wat sy oor die naweek gaan lei. Die bus raak vol. 'n Wit man klim op – maar sonder enige sitplekke moet hy in die gang staan. Die busbestuurder beveel die vier voorste swartes om hul sitplekke prys te gee sodat hy kan sit. Mev. Parks onthou:

Op sy eerste versoek het niemand van ons beweeg nie. Toe praat hy weer en sê: "Julle moet dit liewers makliker op julleself maak en my daardie sitplekke gee." … Toe die [ander] drie mense … opstaan en in die gang inbeweeg, het ek gebly waar ek was. Toe die bestuurder sien dat ek nog daar sit, vra hy of ek gaan opstaan. Ek het vir hom gesê nee, ek gaan nie. Hy het gesê: "wel, as jy nie opstaan nie, gaan ek jou laat arresteer." Ek het hom gesê om aan te gaan en my te laat arresteer. Hy het van die bus afgeklim en kort daarna teruggekom. 'n Paar minute later klim twee polisiemanne op die bus, en hulle het my genader en gevra of die bestuurder my gevra het om op te staan, en ek het ja gesê, en hulle wou weet hoekom het ek nie. Ek het vir hulle gesê ek dink nie ek hoef op te staan nie. Nadat ek my reisgeld betaal het en 'n sitplek beset het, het ek nie gedink ek hoef dit op te gee nie. Hulle het my toe in hegtenis geneem en my in die polisiekar laat klim, en ek is tronk toe geneem … – Rosa Parks

Vir enige ander swart persoon, veral 'n swart vrou, hou tronkstraf in die Suide beide angs en skaamte in, angs omdat wit owerhede weet dat hulle mishandeling en vernedering aan swart gevangenese kan toedien sonder geringste kommer oor die gevolge, en skaamte omdat in hierdie era van die middel 1950's arrestasie vir die verset teen segregasie nog nie in 'n erepenning ontwikkel het nie.

[Uit https://www.crmvet.org/tim/timhis55.htm#1955mbb. Toegang op 10 Januarie 2024 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 3B**

Die bron hieronder verduidelik hoe die Burgerregtebeweging voortgegaan het met die Montgomery – busboikot ten spyte van die weerstand van stadsamptenare en wit rassiste.

Die Montgomery – busboikot, wat deur die inhegtenisneming van Rosa Parks op 1 Desember 1955 aangevuur is, was 'n 13 maande lange massaprotes. Die busboikot het die potensiaal van geweldlose massaprotes gedemonstreer om rasse segregasie suksevol uit te daag en het as voorbeeld gedien vir ander suidelike veldtogte wat gevolg het.

Op 5 Desember het 90 persent van Montgomery se swart burgers van die busse af weggebly. Na onsuksesvolle gesprekke met stadskommissarisse en busmaatskappy amptenare, het die MIA (Montgomery Improvement Association) op 8 Desember 'n formele lys van eise uitgereik: hoflike behandeling deur busoperateurs; eerste-kom, eerste-bedien sitplekke vir almal, met swart sitplekke van agter af sit en wittes van voor; en swart busoperatuers op oorwegend swarts roetes.

Daar was nie aan die eise voldoen nie, en Montgomery se swart inwoners het deur 1956 van die busse af weggebly, ten spyte van pogings deur stadsamptenare en wit burgers om die boikot te verslaan. Nadat die stad swart taxibestuurders begin penaliseer het vir hulp aan die boikotters, het die MIA 'n saamrygeleentheid georganiseeer. Vroeg in 1956 is die huise van King en E.D. Nixon gebombardeer. Stadsamptenare het in Februarie interdikte teen die boikot verkry en meer as 80 boikotleiers aangekla kragtens 'n wet van 1921 wat sameswerings verbied wat met wettige sake inmeng. King is verhoor en skuldig bevind op die aanklag en beveel om $500 te betaal of 386 dae tronkstraf uit te dien in die saak *State of Alabama v. M. L. King, Jr.* Ten spyte van hierdie weerstand het die boikot voortgeduur.

Op 5 Junie 1956, het die federale distrikshof in Brower v. Gayle beslis dat bussesegregasie ongrondwetlik was, en in November 1956 het die Amerikaanse Hooggeregshof Browder v. Gayle bevestig en wette wat gesegregeerde sitplekke op openbare busse vereis, tersyde gestel.

[Uit https://speakoutsocialists.org/the-montgomery-bus-boycott-the-power-of-organization-and-solidarity/montgomery-bus-boycott/.Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 3C**

Die bron hieronder is ŉ foto van The Walk for Freedom, tydens die Montgomery busboikot. Duisende swart burgers het geweier om met die gesegregeerde stadsbusse te ry en het kilometres ver na en van die werk geloop.



[Uit https://speakoutsocialists.org/the-montgomery-bus-boycott-the-power-of-organization-and-solidarity/.Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**BRON 3D**

Die bron hieronder is ʼn uittreksel uit ʼn onderhoud wat deur Willie Lee in Januarie 1956 gevoer is. Montgomery, Alabama. Die swart bediende gee haar mening oor die Montgomery busboikot.

Bediende: Hierdie goed gaan al lank aan. Om die waarheid te sê, dit gebeur al vandat ek hierheen gekom het voor [die Tweede Wêreldoorlog]. Maar hier in die laaste paar jaar het dit al hoe erger geword. Wanneer jy op die bus klim, skree hulle: "Klim agter op" … en die helfte van die tyd wou hulle nie jou oordrag neem nie, dan laat hulle jou opstaan sodat wit mans kan sit waar daar geen sitplekke agter was nie. En jy weet omtrent ʼn jaar gelede het hulle een van die hoërskoolmeisies in die tronk gesit omdat sy nie wou beweeg nie. Hulle moes toe die busse geboikot het.

Maar ons gaan hulle nou beslis regmaak en ek hoop ons begin nooit weer ry nie … Ons is mense, ons is nie honde of katte nie … Al wat ons wil hê hulle moet doen, is om ons reg te behandel. Hulle moenie my laat opstaan vir ʼn wit persoon terwyl ek dieselfde tarief betaal het en ek eerste opklim nie. En hulle moet ophou om so gemeen te wees … Ons betaal net soos die wit mense …

[Die busmaatskappye] is diegene wat die geld verloor en ons predikers sê ons sal nie ry tensy hulle vir ons gee wat ons wil hê nie … Jy sien, die sakemanne verloor ook geld, want mense gaan net dorp toe wanneer hulle moet … Wanneer jy iets aan my mense doen, doen jy dit ook aan my …

[Uit https://historicalthinkingmatters.org/rosaparks/0/inquiry/main/resources/26/index.html. Toegang op 7 Januarie 2026 verkry.]

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

https://www.johndclare.net/cold_war9.htm

Measures to safeguard the Soviet Zone (June 1948) - CVCE Website

https://www.war.gov/News/Feature-Stories/Story/Article/3072635/the-berlin-airlift-what-it-was-its-importance-in-the-cold-war

https://www.nationalmuseum.af.mil/Upcoming/Photos/igphoto/2000573144/
https://www.historytoday.com/archive/replaying-cuito-cuanavale#comment%20-0

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol. 37, No. 2, 2009

http://www.rhodesia.nl/cuito.htm

https://www.historytoday.com/archive/replaying-cuito-cuanavale#comment-0

https://www.crmvet.org/tim/timhis55.htm#1955mbb

https://speakoutsocialists.org/the-montgomery-bus-boycott-the-power-of-organization-and-solidarity/montgomery-bus-boycott/

https://speakoutsocialists.org/the-montgomery-bus-boycott-the-power-of-organization-and-solidarity/

https://historicalthinkingmatters.org/rosaparks/0/inquiry/main/resources/26/index.html

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

Kopiereg voorbehou